# Die Olyftak



Olive Crescent Aftreeoord Retirement Village

*Gesprekke en nuusberigte op ons tuisgrond*

h/v Leanderweg & Olivelaan
Olympus, Pretoria, 0081
Tel: (012) 809 2377 / Sel: 083 381 3475

**VOLUME 20** **APRIL / MEI 2025**

***From the Editorial team**: We were saddened by the resignation of Arie Korf, at the closing of the SGM on March 27, as trustee and chairman of the board of trustees.* Ons het nie besef die voorsittersbrief hier sou sy laaste wees nie. Arie, woorde kan onmoontlik reg laat geskied aan jou insette oor etlike jare.





**Voorsittersbrief**:

So het herfs werklikheid geword. Ons herfskleure is nie so rooi-oranje as in die noordelike halfrond nie, maar dit is opvallend, hier oral. Die blare val en Jomo se blaasmasjiene begin eentonig raas, baie meer as normaalweg. Die oggendluggie laat mens jou trui nadertrek. Die einde van somer, naderbeweeg aan rustyd – die natuur kom tot stilstand, rus in die winter.

**April is nogal 'n uitsonderlike maand – op 6 April die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 (kolonialismedag?). Op Goeie Vrydag 18 April sal baie van Olive Crescent se mense Tygerpoortkerk besoek, of Valleisig, of Wapadrant, of selfs ander kerke verderaan; mense het behoefte daaraan. *In the following week, there is an opportunity for a ten-day vacation, if three days' leave are taken on Tuesday the 29th, Wednesday the 30th, and Friday 2 May.***

[Iemand het gesê daar is ook 'n *Grumpy Old Man's Day* in April …??]

> Jy word groot op die dag wanneer jy die eerste keer vir jouself lag.
>
> [Ethel Barrymore]

*The 2025/26 Budget is in place. My first olive branch goes to each of the Trustees for their dedication to managing their respective portfolios that enabled a sensible budget. Your assessment of the residents' needs has culminated in appropriate provisions*. Oor die jare heen het julle trustees gefokus op voorsienings vir die onmiddelike behoeftes van inwoners, die verfraaiing van ons plek, op sinvolle instandhouding, herstel van ontwikkelaarsfoute, regstel van onveilige situasies uit die verlede en op langtermyn beplanning. Dit is julle bydrae tot die gelukkige aftrede van al die inwoners in ons Oord. Ek salueer julle!

Geluk, Sr Maricel Potgieter! Jou droom het op 1 Maart werklikheid geword, toe Lentehof – met jou en Jaco van Zyl as die aandeelhouers – die diensverskaffer vir bejaardesorg aan ons Oord geword het; en nogal jou eerste pasiënt opgeneem het! Namens al die 'Olywers' wens ek jou alle voorspoed toe; mag jy baie sukses en vreugde daarvan ervaar. Dankie, Jaco, vir jou aandeel in die opgradering van die Eenheid.

*"Age is an issue of mind over matter. If you don't mind, it doesn't matter."* [Mark Twain]

( Voorsittersbrief vervolg op p.2 )



## *CHAIRMAN'S LETTER (continued)*

*It is a blessed bliss to live to be old. It seems to be the only available way to live a long life.*
*Live the life you have imagined.* [eventfulwords.com]



Maar 'n groot takkie gaan aan die Damesklub vir wat hulle doen vir die Oord – oor die jare heen o.a. skenkings vir afdakkies (posbusse, eetsaal-ingang, kantoor) en skenkings vir die sorgeenheid, klankstelsel en soveel meer. Nou weer 'n skenking vir **versierings in die eetsaal**. Dankie, dankie, dankie!!

Groetnis Arie Korf – # 57 – 082 450 6959

## *CORPORATE MATTERS* KORPORATIEWE SAKE

### *Rules of Conduct:*

*3.8.10 The Community Care Centre and/or home-based care by an independent third party (service provider) primarily for the benefit and use thereof for the members.*

*3.8.11 The residents shall have the first right to the use of these assisted living- and other health care facilities.*

*3.11.5 (i) To qualify as a resident of Olive Crescent one must be at least 50 years of age, except otherwise with the approval of the body corporate. Although no maximum age has been set, the Village has primarily been designed to cater for people who still want to lead an <u>independent</u> lifestyle.*

## OORDSTATISTIEK *VILLAGE STATISTICS*

*We are 112 residents in Olive Crescent – 37 men (7 single); 75 ladies (45 single).*

Eenhede te koop: 3 (# 59, # 79, # 81) Eenhede verkoop: 1 (# 64)
Eenhede te huur: 1 (# 79) Eenhede verhuur: 1 (# 37)
Reef Caterers – etes voorsien: 989 Noodoproepe: 7





## TEGNIES – SKT

Dit is verstommend hoe vinnig die tyd verbygaan; ons is reeds aan die einde van die eerste kwartaal van die jaar. Die baie welkome reën hou dikwels vir die SKT-span 'n uitdaging in – om geskeduleerde werk te laat oorstaan en dan ander werk aan te pak. Ons dra hierdie las met vreugde, omdat ons weet hoe belangrik goeie reënval in alle opsigte vir ons almal is. Nietemin verg dit heelwat "dink op jou voete" en kon ons vordering maak met al ons pligte.

Die afhandeling van die begroting vir die volgende finansiële jaar het vlot verloop en het baie daartoe bygedra om prioriteite te bepaal om die maksimum voordeel uit die beskikbare fondse te verkry. Benewens die gewone instandhouding is daar ook aan die Tienjaarplan gewerk, wat nog deur die lede goedgekeur moet word.*****

Die fokus vir die res van die huidige finansiële jaar is om die aktiwiteite wat weens die reën agter geraak het en die noodsaaklike werk aan die kliniek af te handel. Dit sluit onder meer in om die bryvulling van die motorplaveisel te doen, asook nog van die houtplankies op die tuinhekkies wat vervang moet word. Verder het die baie reën verskeie lekplekke op veral die staalstruktuurafdakke veroorsaak, waaraan ook deurlopend aandag geskenk word.

**Anton Joubert**

***** Tydens die Spesiale Algemene Vergadering op 27 Maart is die begroting en die 10 jaar-instandhoudingsplan eenparig deur die teenwoordige lede goedgekeur. [ – red.]

## DIENSTESENTRUM – SKD

**Sorgsentrum**:

Suster Maricel en haar span het die kontrak bekom vir die bestuur en hantering van ons sorgsentrum. Baie geluk Maricel. Ons ondersteun jou visie en onbaatsugtige meelewing vir alle pasiënte wat jou drumpel gaan kruis, of wat tuisversorging gaan ontvang, of die kliniek besoek. Die sorgsentrum ondergaan 'n gedaanteverwisseling. Nuwe kaste, ensovoorts, vervang die ou uitgediende toerusting.***** Ons is almal opgewonde om te sien hoe mooi dit gaan lyk. Al die inwoners sien uit daarna om 'n pad met jou en jou span te loop.******

**Kombuis en eetsaal**:

Heelwat verbeterings is aangebring in die kombuis. Addisionele eetgerei en kelkglase is aangekoop. Stukkende vloerteëls is vervang. Die geroeste rakke in die instapyskas is vervang met rakke van vlekvrye staal. Gordyne is skoongemaak. 'n Nuwe stelsel om etes te bestel, genaamd *Golden Spoon*, is geïmplimenteer wat dit makliker maak vir personeel en inwoners.

Maak asseblief gebruik van die rooi sluitkissie op die tafel as daar enige probleme of voorstelle is. Een keer per maand vergader die dames om die nuwe maand se spyskaart te bespreek. Die trustee gemoeid met die spysenieringsdiens kan gekontak word indien nodig.

Groete **Lorraine van Rooyen**

***** Ons het intussen verneem dat die sorgsentrum as 'n "step-down" geregistreer is. [ – red.]

****** Kyk op bladsy 4 – daar vertel Maricel 'n bietjie meer oor haarself.



## INWONERSAKE – SKI

Baie kan gebeur in 24 uur hier in ons Oord. Dit bly 'n voorreg om te kan help en intree waar dit nodig is.



Ons het vir Maureen Colmanet gaan verwelkom in haar eenheid (# 25). Wat 'n genoeglike oggend was dit nie! In plaas daarvan dat ons haar bedien, het sy ons bedien en so 'n spesiale band met ons gebou.

Nog iets wat my baie gerusstel, is die Sorgsentrum wat nou amptelik in werking is. Dit maak klaar 'n groot verskil in die lewens van ons inwoners. Daar is onmiddellik baie goeie versorgingsdienste beskikbaar.

Ek wil egter regtig 'n vriendelike versoek tot almal rig om asseblief die biokinetiese oefeninge op Dinsdae en Vrydae by te woon. Dit beloop R180 per maand en ons kan die verbetering in ons almal sien – veral in die balans. Weet net dat die koste van sulke oefeninge in privaatpraktyke meer as dubbel is. Ons is uniek, omdat ons in groepsverband deelneem.

Vergun my ook asseblief die geleentheid om vir Arie te bedank namens Inwonersake. Dankie, Arie, vir die ure voor die rekenaar spandeer van November af met die drama rondom die Sorgsentrum en daarna die begroting. Vakansies is kortgeknip of die rekenaar gaan saam, sodat jy by jul bestemming aan sake kan werk. Die inwoners besef nie altyd wat ingesit word om die skip op die water te hou nie, maar nogtans wil ons jou van harte bedank. Daar sal altyd kritiek wees, maar ek sê altyd dat dié wat kritiseer, net vir 6 maande in jou skoene moet loop. Ons, as inwoners van Olive Crescent, salueer jou.

"*Without communication, there is no relationship.*
*Without respect, there is no love.*
*Without trust, there is no reason to continue*".

Groete van huis tot huis **Gezina Lombard**



Ek is iemand wat glo dat 'n klein gebaar 'n groot verskil kan maak – of dit nou 'n glimlag, 'n helpende hand, of net 'n bietjie raad is. Dis vir my belangrik dat mense gelukkig en versorg voel, en ek doen altyd my bes om 'n positiewe verskil te maak.

My passie vir sorg het begin toe ek as student-verpleegster aan die diep kant ingegooi is in 'n onkologie-eenheid. Dit was daar waar ek besef het hoe belangrik verhoudings vir mense is. In baie afdelings van die hospitaal sien jy 'n pasiënt net vir 'n dag of twee, maar in onkologie – en veral in ouer sorg – bou jy 'n band met iemand. Jy loop 'n pad saam, leer mekaar ken en bou 'n verhouding van vertroue. Dit is hierdie menslike verbintenisse wat my werk vir my so kosbaar maak.

Mense beskryf my gereeld as die "kort besige suster" – en dis seker waar! Ek hou nie van stilsit nie en is altyd aan die hardloop, besig om die ekstra myl vir pasiënte, kliënte en inwoners te gaan.

Buiten my werk is ek 'n trotse ma van twee pragtige kinders en ook twee vierbeen-kinders wat my besig hou en my hart vol maak. My man is my grootste steunpilaar, en saam met my familie is hulle die mense wat my opbou en my dryf om elke dag my beste te gee. Sonder hulle sou ek nie wees waar ek vandag is nie.

**Ek sien uit daarna om saam met julle hierdie pad te stap!**



## OMGEWINGSAKE – SKO

Ons is dankbaar vir die goeie reën van die afgelope tyd, naamlik –



November – 119,5 mm

Desember – 210,0 mm

Januarie – 183,0 mm

Februarie – 221,5 mm

en tot einde Maart – 245,0 mm



’n Mens kan die verskil sien in hoe welig die plante in ons tuine (bome, struike, blomme, gras … en ook die onkruid) groei ná die reën.

Inwoners sou ook die onlangse groot bedrywigheid by ons ingangshek opgemerk het. Die twee groot populierbome buite by die asblikstoor is afgesaag en verwyder, omdat hul wortels skade aangerig het aan die besproeiingstelsel, die betonblad buite die stoor en ook die struktuur van die asblikstoor en ons grensmuur bedreig het. Die beskadigde betonblad is opgekap en verwyder en met ’n nuwe een vervang.

**Roelf van Tonder**

## SEKURITEIT – SKS

**Ontmoet ons nuwe wagte**:



**Thulane Mngomezulu** is al drie jaar ’n sekuriteitswag by Millennium. Hy sê die werk hier is ’n gawe verandering van sy vorige kompleks, waar daar soms byvoorbeeld klagtes was van inwoners oor hulle bure wat raserige partytjies hou, ensovoort. Hy ervaar Olive Crescent as stil en vriendelik.

**Ephraim Moshoeu** is al vier jaar ’n sekuriteitswag by Millennium, nadat hy voorheen in verkope gewerk het. Hy hou van Olive Crescent en vind die mense en die werksomstandighede hier aangenaam (minder moeilike “madalas”). Hy wil homself voortdurend aanhou bekwaam en sy kennis en ervaring verbeter.





Hoewel **Kenneth Komape** nou nie meer regtig nuut is by ons nie, sê hy hy geniet dit baie om te verseker dat mense versorg en veilig is. Iets wat dalk nie so bekend is nie, is dat hy al agt jaar verloof is aan verloofde Shannel, en beplan om dalk so oor twee jaar te trou. Olive Crescent het baie “goeie mense” wat verdien om goed versorg te word op hul oudag, sê hy. Kenneth is al sedert 2011 ’n sekuriteitswag en behalwe vir sy normale sekuriteits-kwalifikasie het hy ook ’n ekstra CCTV moniteringskwalifikasie verwerf.

**Piet van Deventer**





## *In memoriam*

Kobus Jordaan (van # 67) is op 18 Maart oorlede.


Ons betuig hiermee ons meegevoel met Aggie en hul naasbestaandes.



**Ons hartlike gelukwense aan al die inwoners wat in April en in Mei verjaar –**

**Karin Terblanche – # 57 (03/04)**
**Ellaine Cater – # 18 (11/04)**
**Sophie van Wyngaard – # 78 (12/04)**
**Martie Kritzinger – # 35 (29/04)**
**Jeanette Nel – # 59 (29/04)**
**Ann Cloete – # 24 (01/05)**
**Clarisse de Clercq – Reef (04/05)**
**Rina Range – # 3 (07/05)**
**Denice Dekker – # 53 (10/05)**
**Jan du Preez – # 15 (11/05)**
**Magritha Storey – # 56 (11/05)**
**Marie Griessel – # 31 (12/05)**
**Annemarie Stilwell – # 44 (12/05)**
**Maryn van Staden – # 48 (14/05)**
**Philip van Tonder – # 40 (22/05)**
**Ann Delport – # 41 (25/05)**
**Fanie Lombard – # 60 (25/05)**

## LESERSBYDRAES — *READERS' CONTRIBUTIONS*



**"FEAR"**

Kahlil Gibran

"It is said that before entering the sea
a river trembles with fear.

She looks back at the path she has traveled,
from the peaks of the mountains,
the long winding road crossing forests and villages.

And in front of her,
she sees an ocean so vast,
that to enter
there seems nothing more than to disappear forever.

But there is no other way.
The river can not go back.

Nobody can go back.
To go back is impossible in existence.

The river needs to take the risk
of entering the ocean
because only then will fear disappear,
because that's where the river will know
it's not about disappearing into the ocean,
but of becoming the ocean."

'n Paar antwoorde – van pensioenarisse – op die vraag: "Hoe gaan dit?"

- Baie goed – ek het vanoggend darem bo die grond wakker geskrik.
- Wel, ek't opgestaan en self aangetrek.
- Nie te goed nie – ek het vanoggend soveel pyne dat ek nie eens plek het vir almal nie.
- Ag, my vriend, ek kla nie oor my pyne nie, want ek kry dit verniet.
- Wel wel wel, ek kners op my agtertande en glimlag met my voortande.
- Ek voel vandag soos 'n kriek wat gif ingekry het; ek beur al na die een kant toe.
- Dit gaan op-en-af en heen-en-weer soos met 'n bak jellie wat onrustig is.
- Ek druk deur, al maak dit seer.



Graag wil ek die volgende met julle deel rakende sr Maricel:

Ek stap baie en besoek Lentehof dikwels. Dit kom daarop neer dat sy nie net 'n baie groot hart het nie, maar ook deernis en empatie vir diegene wat haar pad, veral hier in die Oord, kruis. Sy bly rustig en luister na hul relaas soos wat die gewone publiek as irriterende tydmors sou kon verwerp. Sy is rustig, skerp en toebedeel met goeie oorleg.

Ons is dankbaar vir haar hier wees vir ons. Mag die Vader haar versterk vir haar moeilike taak.

Anoniem

## *LADIES' CLUB* DAMESKLUB

Ons is super opgewonde oor ons beplanning vir hierdie jaar.

Ons het ons eerste uitstappie saam gehad, met groot sukses. Dit vervul mens met soveel dankbaarheid.

Ons beplan 'n koekverkoping in April en is weer eens dankbaar vir elke vrou wat met 'n lys geloop het asook vir almal se ondersteuning.



Saam kan ons 'n verskil maak.
Vanjaar is ons fokus op ons mooi eetsaal.
Met die fondse wat ons reeds ontvang het, het ons plekmatjies en versierings op die tafels aangekoop.



Mens kan nie met vars plante daar werk nie, want dit is arbeidsintensief en groei nie binnenshuis nie. Die vredeslelies in die voorportaal kry baie sorg.

Tydens die Aprilvergadering kom Prof Louis van Rooy ons toespreek oor aardverwarming en watertekorte in die toekoms.

Olga Maritz kom ons in Meimaand toespreek oor elke vrou se blinde kol. Sy is van die organisasie *The World Around Us*.

Welkom, Maureen Colmanet (#25). Ons kry eersdaags vir Anna Grobbelaar en Alexis Evans by. Kyk maar uit wanneer hulle intrek in eenhede 45 en 64.

Ons is jammer vir Aggie met Kobus se afsterwe. Ons troos is dat hy nou verlos is van sy aardse swaarkry.







Ons komitee het uitgebrei. Marie Griessel het die tuig neergelê weens swak gesondheid.



Sy was 'n ware staatmaker.
Ons verwelkom vir Marie Kruger in haar plek.
Elly van Zyl sal voortaan die verversings reël.
Ons sien uit om as span saam met julle twee te werk.



**Gezina Lombard**



## Lentehof



***Our Commitment to Excellence***

*Our organization is dedicated to delivering exceptional healthcare services through a team of skilled professionals. With a strong foundation in elderly care, our focus is on enhancing the quality of life of residents through reliable and accessible clinic services. We strive to maintain the highest standards of professionalism, efficiency, and personalized attention to every individual under our care.*


***Mission***

*Guided by our Christian values and driven by a deep passion for people, we are committed to providing compassionate, professional, and personalized care. At Lentehof, we create a safe, trusting, and tranquil environment where individuals in their homes, retirement villages, and care centers receive the support they need. Our mission is to enhance quality of life, promote independence, and uphold the dignity of every person we serve.*

***Vision***

*To be a trusted leader in elderly and patient care, fostering a compassionate community where every individual feels valued, supported, and nurtured – just as spring brings renewal and growth. At Lentehof, we strive to redefine home-based and facility care by setting new standards of warmth, respect, and excellence. Our vision is to provide personalized, consistent, and transparent nursing services that ensure safety, comfort, and dignity for our residents while offering peace of mind to their families.*

## DAGBOEK & SAMESYN — *DIARY & SOCIAL EVENTS*




| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| DAMESKLUB | 1ste WOENSDAGMIDDAG van ELKE MAAND 14:30 |
| WATER-*AEROBICS* | WEEKLIKS DINSDAE 08:00 en VRYDAE 08:00 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS DINSDAE 09:20 en VRYDAE 09:20 |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| VEERPYLTJIES | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00<br>In die SITKAMER van die OORD<br>Onder Leiding van Ds ANDRé de VILLIERS |